

INTERSENFASE
SENIOR FASE
GRAAD 7
INTERMEDIÊRE FASE
GRAAD 4-6
AFRIKAANS
HUISTAAL
ENGLISH FIRST
ADDITIONAL LANGUAGE
(FAL)
WISKUNDE
NATUURWETENSKAP
(NW)
TEGNOLOGIE
SOSIALE
WETENSKAPPE
(Geskiedenis en Geografie)
(SW)
EKONOMIESE
BESTUURSWETENSKAPPE
(EBW)
LEWENSORIËNTERING
(LO)
Bestaan uit 2 komponente
Lewensorientering
(LO)
Liggaamlike Opvoeding Taak (LOT)
KREATIEWE KUNS
Kuns & Musiek
REKENAAR
LEES & WISKUNDE



**AKADEMIESE DEPARTEMENTSHOOF**
**GRAAD 6 EN 7**
**GRETHA SCHOEMAN**
**WISKUNDE; SW; EBW; LV; LO; K&K**
**dpw@louisleipoldt.co.za**

**DEPARTEMENTSHOOF**
**JANNEMAN OPPERMAN**
**AFRIKAANS HT; ENGLISH FAL;**
**NW(T) & TEGNOLOGIE**
**dpi@louisleipoldt.co.za**





**GRAAD 6W**
**GRAADHOOF**
**LIZET DU PREEZ**
**NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE (6W, X & Y)**



**GRAAD 7Z**
**GRAADHOOF**
**LEONIE CLOETE**
**AFRIKAANS HT & KUNS**

**VAKHOOFDE**



**CHARMAINE BARNARD**
**WISKUNDE**



**GRAAD**
**ELIZÉ OOSTHUIZEN**
**AFRIKAANS HT**



**GRAAD 7W**
**JACO BAM**
**EBW**

**LEONIE CLOETE**
**AFRIKAANS HT**

**GRAAD 6X**
**CHARISSA KEYSER**
**ENGLISH FAL**



**GRAAD 7X**
**JUSTINE DE JONG**
**ENGLISH FAL &**
**LEWENSORIËNTERING**

**JUSTINE DE JONG**
**ENGLISH FAL**



**GRAAD 6Y**
**ANDRÉ MEINTJES**
**WISKUNDE**



**GRAAD 7Y**
**HANLIE PUTTER**

**JACO BAM**
**SW & EBW**



**GRAAD 6Z**
**BERNARD NEL**
**WISKUNDE**



**GRAAD 7**
**ROHAN VENTER**
**SW & TEGNOLOGIE**



**MARLÉNE NEL**
**LV, LO & K&K**

**STEFAN BAM**
**NW(T);**
**TEGNOLOGIE**



**JACO BAM**
Sosiale Wetenskap

**DUANE SWIFT**
Liggaamlike Opvoeding (Seuns),
PSW & Rekenaars (6W&X)
**JANNEMAN Opperman**
Rekenaars (6Y&Z)

**MARLÉNE NEL**
Liggaamlike Opvoeding (Dogters);

**LOUIS LEVINSON** NWT (6Z)

**CHRISTA JANSEN –** Musiek, Dans & Drama

**LEONIE CLOETE –** Kuns

**GRETHA SCHOEMAN**
Wiskunde

**LIZET DU PREEZ**
Natuurwetenskap

**DUANE SWIFT**
Liggaamlike Opvoeding (Seuns)
Rekenaars (7W&X)
**JANNEMAN OPPERMAN**
Rekenaars (7Y&Z)

**MARLÉNE NEL**
Liggaamlike Opvoeding (Dogters)

**CHRISTA JANSEN**
Musiek

## SLAAGVEREISTES VIR GRAAD 7
## SENIOR FASE

| | |
|---|---|
| **Afrikaans Huistaal** | **50%** |
| **English FAL** | **40%** |
| **Wiskunde** | **40%** |
| **Natuurwetenskap** | **40%** |
| **Sosiale Wetenskappe** | **40%** |
| **Tegnologie** | **40%** |
| **Ekonomiese Bestuurswetenskappe** | **40%** |
| **Lewensoriëntering** | **40%** |
| **Kuns en Musiek** | **40%** |

***Eersgenoemde 3 vakke moet geslaag word***

***Nie meer as 2 vakke mag gedruip word nie***

***Rekenaarvaardighede se punte word nie by die kwartaalgemiddelde in berekening gebring nie.***

### JAARPUNT

| | |
|---|---|
| Deurlopende Skoolgebaseerde Assessering | 40% |
| Einde-van-die-jaar Eksamen | 60% |

## OUERAANDE

**Ouers word op hoogte gehou van die kind se vordering tydens informele gesprekke, geskeduleerde oueraande, telefoonoproepe, briewe en formele afsprake.**

**Oueraande vind 4 keer 'n jaar plaas – elke kwartaal nadat die rapport huis toe is.**

**Kwartaal 1 neem die vorm van 'n inligtingsessie en praatjie aan.**

**Kwartaal 2 en 3 word 5 minute afsprake vooraf gemaak. Afsprake word gemaak waar bekommernisse rakende die kind en sy/haar akademiese vordering aangespreek moet word.**

**Kwartaal 4 vind slegs op uitnodiging plaas.**

## REMEDIËRING

(Leerders word geïdentifiseer vanaf 1ste kwartaal)

Remediërende onderrig vind klassikaal plaas. Addisionele hulp in Wiskunde, Afrikaans en Engels vind plaas op Maandae tydens saalperiodes en Woensdagmiddae na skool.

## ASSESSERING

Akademiese Assesseringsbeplanning word op die eerste dag van elke kwartaal uitgedeel. Hierdie assessering word die hele kwartaal gevolg – voorbereid en onvoorbereid.

Assesseringsopdragte (voorbereid/onvoorbereid) word net in die klas uitgevoer. Die leerders mag, indien die opdrag dit toelaat, vooraf navorsing doen en dit in die opdrag inwerk. Hulle kan ook, waar van toepassing, van die inligting wat deur die onderwyser(-es) / in handboeke / lêers beskikbaar stel, gebruik maak.

Tyd toegeken vir die uitvoering van assesseringsopdragte sal deur die tipe opdrag bepaal word.

Daar word deurlopend deur die jaar rekord gehou van u kind se vordering. Volg asseblief die beleid indien u kind assesserings mis.

## LAAT INHANDIGING

Wanneer 'n assesseringsopdrag nie op die inhandigingsdatum ingehandig word nie, word die leerder gepenaliseer vir elke dag wat dit laat ingehandig is tot op 'n maksimum punt. Die hoeveelheid punte wat afgetrek word, word bepaal deur die punt waaruit die opdrag tel en hoeveel dae dit laat ingehandig is. Indien opdrag op die laaste dag van 'n moontlike inhandigingsdatum nie ingehandig is nie, sal 'n brief in die leerder se werkboek geplak word wat deur ouers onderteken moet word, met 'n finale inhandigingsdatum. Indien opdrag op hierdie datum steeds nie ingehandig word nie, sal leerder 'n nulpunt vir opdrag ontvang

## LAAT ASSESSERING

Leerders sal 'n geleentheid gegee word vir laat assessering.

- **Onvoorbereide assesserings** word die eerste Dinsdag/Donderdagmiddag wat die leerder terug is by die skool, direk na skool in die mediasentrum ingehaal.
- **Voorbereide assesserings** word 'n week nadat die leerder terug is by die skool, op 'n
- Dinsdag-/Donderdagmiddag in die mediasentrum direk na skool ingehaal.

.

## HER-INHANDIGING EN HER-ASSESSERING

Leerders kry binne twee dae van uithandiging, kans om 'n versoek te rig vir die her-uitvoer van opdragte, toetse uitgesluit, indien hulle :

50% of minder vir die oorspronklike opdrag in Afrikaans gekry het.

40% of minder vir die oorspronklike opdrag in enige ander vak gekry het.

Her-assessering vind op Dinsdae- en Donderdagmiddae direk na skool in die mediasentrum plaas.

Die gemiddelde punt van die twee opdragte sal dan aan die leerder toegeken word.

# MERIETEFUNKSIE GRAAD 7

# AKADEMIESE TOEKENNINGS

| | | | |
|---|---|---|---|
| • | Akademiese Sertifikaat | : | 85% en hoër in 'n vak<br>90% en hoër vir Lewensoriëntering; Kuns & Musiek |
| • | Merieteknopie (1-3) en gemonteerde trofee vir meriete 4 | : | 80% en hoër gemiddeld in al die vakke |
| • | Trofee | : | Beste prestasie in veskillende vakke per graad |
| • | Wisseltrofee - Ererol | : | Algehele beste prestasie in graad |

*Bogenoemde toekennings word op jaarpunte bereken*

| | | | |
|---|---|---|---|
| • | Amesa sertifikate | : | Leerders wat aan die finale Wiskunde Amesa rondte deelgeneem het en goue sertifikate verower het. |
| • | Wiskunde Olimpiade | : | Leerders wat aan die olimpiade deelgeneem het en onder die top 10 in die distrik geeïndig het. |
| • | TOP 10 – Toekennings - Balkie | | 10 Beste presteerders volgens jaargemiddeld |

## RAPPORTE

**Rapportering is ‘n kommunikasieproses van leerderprestasie aan leerders, ouers en ander belanghebbendes.**

**Rapporte word 4 keer ‘n jaar uitgegee. Die 4 kwartale se rapporte word die dag as die skool sluit, uitgegee.**

Die eerste 3 kwartale se rapporte dui die leerder se vordering vir die spesifieke kwartaal aan.

**Die 4de kwartaal se rapporte** dui die leerders se prestasie vir die vierde kwartaal aan, asook ‘n promosiepunt vir die hele jaar.